# Google Duo

**Google Ireland Limited ("Google")**
Gordon House, Barrow Street, Dublin 4, Ireland
https://support.google.com/

*Van krag vanaf 21 Desember 2020*

**Kontrakopsomming**

- Hierdie kontrakopsomming omskryf die hoofelemente van ons diensaanbod, soos vereis word deur EU-wetgewing[1].
- 
- Die doel daarvan is om jou te help om diensaanbiedinge te vergelyk.
- Volledige inligting oor ons diensaanbod is beskikbaar in ander dokumente.

**Dienste**
Google Duo is 'n videokommunikasiediens wat oor meeste toestelle en platforms aangebied word deur 'n webkoppelvlak of program. 'n Internetverbinding is nodig om deur Google Duo te kommunikeer. Google Duo word met redelike vaardigheid en sorg deur Google verskaf, alhoewel geen minimum diensgehaltevlakke aangebied word nie.

**Prys**
Google Duo word gratis aangebied en die gebruik daarvan is onderhewig aan voldoening aan Google se diensbepalings (beskikbaar by https://policies.google.com/terms).

**Duur, hernuwing en beëindiging**
Google Duo is onmiddellik na aansluiting beskikbaar vir jou gebruik. Jy is nie verbind om Google Duo vir 'n bepaalde tydperk te gebruik nie en jy kan enige tyd ophou om dit te gebruik.

**Kenmerke vir eindgebruikers met gestremdhede**
Jy kan onderskrifte aanskakel wanneer jy Google Duo gebruik. Meer besonderhede is beskikbaar by https://support.google.com/duo/answer/7660538?hl=af&co=GENIE.Platform=Android

**Ander relevante inligting**
Kliëntediens: Hulp/steundiens vir Google Duo is beskikbaar by https://support.google.com/.
Geskille: Jy kan moontlik 'n klag by 'n alternatiewe geskilbeslegtingdiens indien wat gelys is by https://ec.europa.eu/consumers/odr/main/?event=main.adr.show2 of 'n ander diens, volgens wetlike vereistes in jou land. Meer besonderhede is beskikbaar in Google se diensbepalings.
Sekuriteitvoorvalle: Google volg 'n streng 24/7-voorvalbestuurprogram om dadelik sekuriteit- of privaatheidvoorvalle te identifiseer en daarop te reageer. Google verskaf ook 'n Google-sekuriteitkontrolelys om jou te help om jou aanlyn sekuriteit te bestuur.
Persoonlike data: Jy moet jou foonnommer of e-posadres (of beide) verskaf om by Google Duo aan te sluit. Google se privaatheidbeleid (beskikbaar by https://policies.google.com/privacy) gee meer inligting oor die persoonlike data wat deur Google ingesamel word wanneer jy Google Duo gebruik. Google se privaatheidbeleid vorm nie deel van die kontrak tussen jou en Google of hierdie opsomming nie.

[1] Artikel 102(3) van Riglyn (EU) 2018/1972 van die Europese Parlement en van die Raad van 11 Desember 2018 wat die Europese Kode vir Elektroniese Kommunikasie (OJ L 321, 17.12.2018, bl. 36) bepaal.